

Donderdag 20 Junie

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15	Fokusgedeelte: Kolossense 2:11, 12
---	---

Die doop is 'n teken en waarborg dat Christus jou hart besny

Paulus skryf aan 'n gemeente uit die heidene en sê: *“Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny ...”* (2:11). Dit val nogal vreemd op die oor, want net 'n paar jaar tevore het hy aan die Galasiërs geskryf: *“As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie”* (Gal. 5:2).

Toe Paulus aan die Galasiërs geskryf het, het hy hulle gewaarsku om nie wetsonderhouding, in dié geval besnydenis, naas Christus te stel nie. Christus alleen is die Verlosser. Wat Paulus egter aan die Kolossense leer, is dat die besnydenis en die doop oor presies dieselfde saak gaan, naamlik 'n hartsverandering.

Kyk hoe mooi noem Paulus dit wat by die doop gebeur: 'n besnydenis wat nie deur mense verrig word nie, maar deur Christus. Sodoende verbind hy die dopeling aan Christus en meer spesifiek aan sy dood en opstanding. Die doop is die waarborg dat die dopeling saam met Christus gesterf het en saam met Hom in 'n nuwe lewe opgewek word (vgl. Rom. 6:3-6). Reeds in Deuteronomium 30:6 lees ons wat die besnydenis beteken: *“En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe”* (1953-vertaling).

Daarom kan ons doopsformulier ook onomwonde sê dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Sowel die besnydenis as die doop is tekens en seëls wat die betrokke in die verbond van God insluit en sodoende deel laat kry aan die geestelike vernuwning wat God deur sy Gees in mense se lewens bewerk. Alles net 'n bewys van God se genade.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. DJ de Kock (Danie) (Krokodilrivier)